

4

Van 'n Afrikanerstaat na 'n Afrikastaat (1945-2005)



Vlae wat die Kasteel in die Kaap geken het sedert die eerste vlag – dié van die Vereenigde Oostindische Compagnie (VOC) – in 1679 gehys is. Die vlag is van regs na links: die Kompanjie se vlag, die Britse vlag voor die insluiting van Ierland, die Bataafse vlag, die Union Jack, die Unievlag en die vlag van 'n demokratiese Suid-Afrika, wat vir die eerste keer op 10 Mei 1994 gehys is.



CHRONOLOGIE

- 1946:** Staking van swart mynwerkers.
- 1947:** Die Verteenwoordigende Naturelleraad eis die afskaffing van alle diskriminerende wette.
- 1948:** Die Fagan-kommissie beveel aan dat die swart stedelike bevolking gestabiliseer word; die Sauer-kommissie wat deur die Nasionale Party (NP) daargestel is, beveel apartheid aan; die NP onder D.F. Malan wen die verkiesing.
- 1949:** Die Congress Youth League publiseer sy program van aksie.
- 1950:** Die Kommunistiese Party verbied.
- 1948–1953:** Die meeste apartheidswette word aangeneem.
- 1951–1956:** Die verwydering van bruin kiesers van die gemeenskaplike kieserslys veroorsaak 'n grondwetlike stryd.
- 1952:** 'n Versetveldtog onder leiding van die ANC begin.
- 1955:** Die Vryheidsmanifes word aan die Congress of the People voorgelê.
- 1956:** Die verslag van die Tomlinson-kommissie word gepubliseer. Die verraadverhoor van 156 anti-apartheidsaktiviste begin.
- 1957:** Die Union Jack word as amptelike nasionale vlag afgeskaf.
- 1958:** H.F. Verwoerd volg J.G. Strijdom as eerste minister op.
- 1959:** Verwoerd kondig die plan aan om alle swart verteenwoordiging in die Parlement af te skaf, en opper die idee van swart "tuislande".
- 1959:** Die Pan-Africanist Congress (PAC) onder Robert Sobukwe word gestig; apartheid word aan universiteite ingevoer.
- 1960:** Die Britse eerste minister Harold Macmillan lewer die "wind van verandering"-toespraak; die polisie skiet 69 protesteerders dood in Sharpeville; die regering kondig 'n noodtoestand af; die ANC en PAC word verbied; die meeste leiers verlaat Suid-Afrika.
- 1961:** Die Republiek van Suid-Afrika word ná 'n referendum uitgeroep; Nelson Mandela vorm Umkhonto weSizwe; daar word met 'n verskerping van internasionale ekonomiese, diplomatieke en sportsanksies begin.
- 1961–1973:** Suid-Afrika ervaar sterk ekonomiese groei.
- 1963:** Mandela en nege ander staan tereg; die meeste kry lewenslange vonnisse; die regering stel gedeeltelike selfregering vir die Transkei in.
- 1966:** Verwoerd word vermoor en deur B.J. Vorster opgevolg.
- 1967:** Steve Biko en bondgenote verlaat die National Union of South African Students en begin die Swart Bewussynbeweging.
- 1972:** Biko begin om voltyds vir swart gemeenskapsprojekte te werk.
- 1973:** Die eerste onafhanklike vakbonde word in Durban gevorm.
- 1974:** 'n Staatsgreep in Portugal lei tot onafhanklikheid vir Angola en Mosambiek, en tot die oordrag van mag die jaar daarna.
- 1975:** 'n Afdeling Suid-Afrikaanse troepe val Angola voor die oordrag van mag binne.
- 1976:** Die Soweto-opstand; die Theron-kommissie kritiseer die regering se pligsversuim jeens bruin Suid-Afrikaners.
- 1977:** Die regering verbied alle organisasies wat by die Swart Bewussynbeweging betrokke is; Biko sterf van beserings wat hy in polisieaanhouding opdoen.
- 1978:** Suid-Afrika produseer die eerste hoogverrykte uraan, en 'n jaar later die eerste volledig gemonteerde kerntoestel; P.W. Botha word eerste minister en elf maande later word Vorster verplig om as staatspresident te bedank weens sy betrokkenheid by die Inligtingskandaal.
- 1979:** Die regering skaf die beperkinge op swart arbeid af, laat swart vakbonde toe, en aanvaar die insluiting in die formele bedingingstelsel van vakbonde met swart lede; 'n ANC-studiegroep besoek Viëtnam, wat daartoe lei dat die ANC sy klem verskuif van die gewapende stryd na die skep van 'n ondergrondse binnelandse politieke beweging wat leiding kan gee aan 'n reeks populêre organisasies.
- 1981:** Suid-Afrika stuur 'n veldtog van stapel om die streek te destabilliseer ten einde sy veiligheidsdoelwitte te bereik.
- 1982:** 'n Nuwe stelsel van swart plaaslike regering word ingestel, maar dit word wyd teengestaan; die Konserwatiewe Party onder Andries Treurnicht word gevorm.
- 1983:** Die United Democratic Front word gestig as 'n oorkoepelende pro-ANC buiteparlementêre organisasie.
- 1984:** Nuwe grondwet word ingestel; 'n Driekamerparlement met afsonderlike huise vir wit, bruin en Indiërs gee aanleiding tot wydverspreide teenstand; 'n stedelike opstand begin in Sebokeng aan die Oos-Rand.
- 1985:** Wydverspreide onluste lei tot die instelling van 'n gedeeltelike noodtoestand; buitelandse banke weier om lenings te verleng; die Congress of South African Trade Unions word gestig.
- 1986:** Verslegting van die veiligheidsituasie; die regering stel 'n algemene noodtoestand in.
- 1988:** 'n Informele groep regeringsamptenare begin gesprekke met Mandela in die gevangenis.
- 1989:** F.W. de Klerk word staatspresident; verskeie ANC-leiers word uit die gevangenis vrygelaat.
- 1990:** De Klerk skrap die verbod op die ANC en verskeie ander organisasies; Mandela word vrygelaat.
- 1991:** Veelpartyonderhandelinge begin; die regering skaf alle apartheidswette af.
- 1992:** In 'n referendum slegs vir wittes steun twee derdes die voortsetting van die onderhandelinge; die ANC begin met uitgebreide massa-aksie en onttrek hom aan die formele onderhandelinge; wanneer die samesprekings hervat word, is die algemene siening dat die ANC die oorhand het.
- 1993:** Chris Hani word vermoor; daar word oor die tussentydse grondwet ooreengekom.
- 1994:** Die ANC wen die verkiesing en kry byna twee derdes van die stemme; Nelson Mandela word die eerste president van 'n demokratiese Suid-Afrika en lei 'n Regering van Nasionale Eenheid (RNE).
- 1996:** Die finale grondwet word aanvaar; die NP onttrek hom aan die RNE.
- 1999:** Thabo Mbeki volg Mandela op as president.
- 2004:** Mbeki word vir 'n tweede termyn verkies.

Inleiding

Toe die Tweede Wêreldoorlog in 1945 beëindig is, was Suid-Afrika onder die seëvierende lande. In die stryd teen een van die grootste bedreigings vir vryheid en demokrasie in die geskiedenis van die Weste het die land groot opofferings gemaak. Die Geallieerdes het wel gewen, maar die Weste se gevoel van politieke en kulturele meerderwaardigheid het 'n knou gekry. In internasionale liggamme het leiers van die Derde Wêreld geëis dat die Westerse lande hulle onverwyld aan die kolonies onttrek. Hulle is ook aangepor om Suid-Afrika te isoleer. Die dekolonisering van Asië en Afrika het op dreef gekom toe Indië in 1947 onafhanklik van Brittanje word. Die VSA het integrasie in sy weermag en ander instellings begin toepas. Daarna was Suid-Afrika die laaste groot land met 'n rassebeleid gegrond op wit oorheersing en rassisme.

Die Weste het wit Suid-Afrika egter nie in die steek gelaat nie. Die stryd teen die Sowjetunie was nou net te belangrik, en Suid-Afrika se uitvoer van strategiese belangrike minerale en sy beheer oor die Kaapse seeroete het hom van Westerse ekonomiese en diplomatieke sanksies gered.

Europa is ná die oorlog van die grond af opgebou. Dit het twee dekades van sterk ekonomiese groei meegebring, wat eers vroeg in die 1970's deur die oliekrisis gestuit is. Suid-Afrika het ook by dié vooruitgang

baat gevind: Sy groeikoers was in die 1960's een van die hoogste ter wêreld. Die vooruitgang het die verstedeliking en rasse-integrasie wat in die middel van die 1930's begin het, laat versnel. Apartheid was 'n poging om dié prosesse te stuit en swartes selfs na die tuislande te laat terugstroom. Pleks van gehoor te gee aan die strewes van die stedelike swart elite, het die staat die tradisionele leiers in die reservate as sy belangrikste bondgenote uitgesonder.

Die African National Congress (ANC) was die sterkste teenstander van apartheid. Omdat hierdie organisasie deur die Weste verwerp is, het hy plaaslik bande gesmee met lede van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP), wat in 1950 verbied is. Hul gesamentlike deelname aan die "Defiance Campaign" van die vroeë 1950's en die Sowjetunie se steun toe die ANC in 1960 verbied is, het dié bondgenootskap versterk. Die ANC het egter 'n klassieke soort nasionalisme, wat 'n volk eerder as 'n klas wou bevry, voorgestaan.

Die Nasionale Party (NP) was 'n etniese, nasionalistiese beweging vir die Afrikanervolk. Daar was groot steun vir die party omdat hy Suid-Afrika se afhanklikheid en ekonomiese en kulturele vooruitgang vir die Afrikaners wou verseker. Apartheid was die ideologie wat daardie nasionalisme aangedryf het. Die verhouding tussen die wittes en ander groepe

is só verduidelik dat die Afrikaners se oorheersing in 'n mate verbloem is. Dié nasionalisme het swakker geword en begin verbrokkel ná 'n republiek uitgeroep en ander nasionalistiese oogmerke bereik is. Die sterk ekonomiese groei in die 1960's het ook daartoe bygedra.

Van die vroeë 1970's af het die vervaardigingssektor se vraag na geskoolde arbeid, die demografiese agteruitgang van wittes, die ineenstorting van die reservate se hulpbronne en die vinnige verstedeliking van swartes apartheid se fundamente weggekalwe.

Die ANC het tot laat in die 1970's 'n strategie van gewapende stryd gevolg, maar swak gevaar. In die tweede helfte van die 1970's het hy 'n deurbraak gemaak toe baie swart jong mense landuit gevlug en by die ANC aangesluit het. Die organisasie het die lesse van ander oorloë, veral dié in Viëtnam, geleer en toe eerder 'n strategie van populêre mobilisering en massaverset aanvaar, wat baie meer vrugte afgewerp het.

Die staat het stabiel gebly, maar in die laaste jare van die 1980's was daar skaakmat tussen hom en die ANC, asook die binnelandse United Democratic Front. Die gedagte aan 'n vreedsame skikking het posgevat. Daar was groot politieke woelinge tydens die onderhandelings vir 'n demokratiese Suid-Afrika, maar dié doelwit is tog sonder groot bloedvergieting of hulp van buite bereik.